# Nuutmaking

LIFE | DESIRES | COMMANDMENT | ASSIGNMENT

shofar
christian church

# Nuwe Lewe

KARL HOLZ

Jesus verlaat Kapernaum
42Teen dagbreek het Hy uitgegaan en na 'n
eensame plek toe vertrek. Die mense het Hom
begin soek, en toe hulle by Hom uitkom, het
hulle Hom probeer beweeg om nie van hulle af
weg te gaan nie. 43Maar Hy het vir hulle gesê:
“Ek moet ook aan die ander dorpe die evangelie
van die koninkryk van God verkondig, want
daarvoor is Ek gestuur.”

**Lukas 4:42-43**

36“Maar Ek het getuienis wat nog gewigti-
ger is as dié van Johannes. Die werk wat die
Vader My gegee het om te voltooi en waar-
mee Ek nou juis besig is, lê oor My getuienis
af en bevestig dat die Vader My gestuur het.
37En die Vader wat My gestuur het, het ook
oor My getuienis afgelê.

**Johannes 5:36-37**

Sy stem het julle nog nooit gehoor nie en sy gestalte ook nie gesien nie. 38En sy woord lewe nie werklik in julle nie, omdat julle nie in die Een glo wat Hy gestuur het nie.

Johannes 5:37-38

Hoor en doen

21“Nie elkeen wat vir My sê: ‘Here, Here,’ sal in
die koninkryk van die hemel ingaan nie,
maar net hy wat die wil doen van my Vader
wat in die hemel is.

Matteus 7:21

Twee paaie
13“Gaan deur die nou poort in. Die poort
wat na die verderf lei, is wyd en die pad
daarheen breed, en dié wat daardeur
ingaan, is baie. 14Maar die poort wat na
die lewe lei, is nou en die pad daarheen
smal, en dié wat dit kry, is min.”

**Matteus 7:13-14**

9Ek is die ingang; as iemand deur My
ingaan, sal hy gered word. Hy sal in en
uit gaan en weiding kry.

Johannes 10:9

6Jesus het vir hom gesê: “Ek is die weg
en die waarheid en die lewe. Niemand
kom na die Vader toe behalwe deur My
nie.

**Johannes 14:6**

3Daarop sê Jesus vir hom: "Dít verseker Ek jou:
As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy
die koninkryk van God nie sien nie."
4Nikodemus vra Hom toe: "Hoe kan 'n mens
gebore word as hy al 'n ou man is? Hy kan tog
nie 'n tweede keer in sy moeder se skoot kom
en gebore word nie?"

# Johannes 3:3-4

5Jesus het geantwoord: “Dit verseker Ek jou: As
iemand nie uit water en Gees gebore word nie,
kan hy nie in die koninkryk van God kom nie.
6Wat uit die mens gebore is, is mens; en wat
uit die Gees gebore is, is gees. 7Moenie verbaas
wees dat Ek vir jou gesê het: Julle moet
opnuut gebore word nie.

# Johannes 3:5-7

8Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid,
maar jy weet nie waar hy vandaan kom en
waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met
elkeen wat uit die Gees gebore is."
9Nikodemus vra Hom toe: "Maar hoe is dit
moontlik?"

Johannes 3:8-9

14Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie
in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy
nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van
Hom hoor sonder iemand wat preek? 15En hoe
kan iemand preek as hy nie gestuur is nie?
Daar staan ook geskrywe: "Hoe wonderlik klink
die voetstappe van dié wat die goeie boodskap
bring."

# Romeine 10:14-15

16Die Israeliete het egter nie almal aan die
goeie boodskap gehoor gegee nie. Jesaja sê
immers: “Here, wie het die prediking geglo wat
ons gehoor het?” 17Die geloof kom dus deur
die prediking wat 'n mens hoor, en die predik-
ing wat ons hoor, is die verkondiging van Chris-
tus.

# Romeine 10:16-17

Adam en Christus
12Verder nog dít: Deur een mens het die sonde
in die wêreld gekom en deur die sonde die
dood, en so het die dood tot al die mense
deurgedring, omdat almal gesondig het.

Romeine 5:12

Adam en Christus
12Verder nog dít: Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het.

# Romeine 5:18-19

Jesus begin preek
14Nadat Johannes in die tronk opgesluit is, het
Jesus na Galilea toe gegaan en die evangelie
van God verkondig. 15Hy het gesê: “Die tyd het
aangebreek, en die koninkryk van God het
naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie.”

# Markus 1:14-15

Jesus roep sy eerste dissipels
16Eendag toe Jesus langs die See van Galilea loop, het Hy vir Simon en Simon se broer Andreas gesien waar hulle besig was om werpnette in die see uit te gooi. Hulle was vissers van beroep.

Markus 1:16

Lewe uit die dood
1Julle was dood as gevolg van julle oortredings
en sondes 2wat voorheen julle lewenswyse
gekenmerk het. Julle het gelewe soos hierdie
sondige wêreld en julle laat lei deur die vors
van die onsigbare magte, die gees wat daar
nou aan die werk is in die mense wat aan God
ongehoorsaam is.

Ephesians 2:1-2

3So het ons trouens vroeër ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het. Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word. 4Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief.

# Ephesians 2:3-4